No. 2126 21 September 1979

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET "SOMERSET HOUSE" DAAROP, TE SOMERSET-WES

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die historiese gebouekompleks bekend as "Somerset House" daarop, te Somerset-Wes, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die historiese gebouekompleks bekend as "Somerset House" daarop, synde sekere stuk grond geleë in die munisipaliteit Somerset-Wes, afdeling Stellenbosch, synde die restant van Erf 2434, Somset-Wes, en groot drie komma drie nege ses vyf (3,396 5) hektaar.

Transportakte 23537/1974, gedateer 25 Julie 1974.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie eiendom het oorspronklik deel gevorm van die plaas Cloetenberg, wat in 1709 deur Catharina Cloete aangekoop is. Die oudste gedeelte van hierdie gebouekompleks dateer uit 1725 en die voorgewel van die woonhuis dra die datum 1785. 10/2/711.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 2126 21 September 1979

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF THE PROPERTY WITH "SOMERSET HOUSE" THEREON, AT SOMERSET WEST

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the property with the historic building complex known as "Somerset House" thereon, at Somerset West, to be a national monument.

*Description*

The property with the historic building complex known as "Somerset House" thereon, being a certain piece of land situate in the Municipality of Somerset West, Division of Stellenbosch, being the remainder of Erf 2434, Somerset West, and measuring three comma three nine six five (3,396 5) hectares.

Deed of Transfer 23537/1974, dated 25 July 1974.

*Historical and architectural interest*

This property originally formed part of the farm Cloetenberg which was bought in 1709 by Catharina Cloete. The oldest section of the building complex dates from 1725 and the front gable of the homestead bears the date 1785. 10/2/711.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

No. 2127 21 September 1979

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE GEDEELTE VAN DIE HISTORIESE HUIS OP DIE PLAAS "LEEF-OP-HOOP", DISTRIK STELLENBOSCH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die gedeelte van die historiese huis geleë op die plaas "Leef-op-Hoop", te Jonkershoek, distrik Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die gedeelte van die historiese huis op die plaas bekend as "Leef-op-Hoop", geleë op sekere stuk grond, gedeeltelik eiendoms- en gedeeltelik afgeskafte erfpaggrond, synde die resterende gedeelte van Perseel B van "Klein Gustrouw", andersins "Little Gustrouw", geleë in die afdeling Stellenbosch. Transportakte 3369/1938, gedateer 7 April 1938.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie indrukwekkende H-vormige woonhuis dateer uit die begin van die negentiende eeu. Dit het Georgiaanse en Victoriaanse eienskappe en is uniek in soverre die oorspronklike plaas en woonhuis beide in twee verdeel is. 10/2/712.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 2127 21 September 1979

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF THE PORTION OF THE HISTORIC HOUSE ON THE FARM "LEEF-OP-HOOP", DISTRICT OF STELLENBOSCH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the portion of the historic house situated on the farm "Leef-op-Hoop", at Jonkershoek, District of Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The portion of the historic house on the farm known as "Leef-op-Hoop", situated on certain piece of land, partly freehold and partly redeemed quitrent, being the remaining extent of Lot B of "Klein Gustrouw", otherwise "Little Gustrouw", situate in the Division of Stellenbosch.

Deed of Transfer 3369/1938, dated 7 April 1938.

*Historical and architectural interest*

This impressive H-shaped dwelling-house dates from the beginning of the nineteenth century. It has Georgian and Victorian features and is unique in that both the original farm and dwelling are divided in two. 10/2/712.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.